


# PREEKNOTA

Datum: **10/05/2026**

Het jy al ooit iets heeltemal verkeerd verstaan?
"Ek is fine"
"Doen net wat jy wil"

***Levitikus 19:1 (NLV)*** – [1]Die Here het vir Moses gesê: ...

***Levitikus 19:3a (NLV)*** – [3]"Elkeen van julle moet respek hê vir julle ma en pa. ..."

***Eksodus 20:12a (AFR 83)*** – [12]"Eer jou vader en jou Moeder ..."

***Matteus 12:46-50 (NLV)*** – [46]Jesus was nog besig om met die skare te praat, toe staan sy ma en sy broers buitekant. Hulle wou met Hom praat. [47]Iemand sê toe vir Jesus: "U ma en broers staan hier buite en hulle wil met U praat." [48]Hy antwoord die een wat met Hom praat: "Weet julle wie is my ma en wie is my broers?" [49]Daarop wys Hy na sy dissipels en sê: "Daar is my ma en my broers. [50]Elkeen wat aan die wil van my hemelse Vader gehoorsaam is, is my eintlike gesinslede."

## 1) Wat beteken dit om my ma (ouers) te eer?

Eer beteken: ek behandel jou volgens jou waarde, ek gee gewig aan jou stem, en ek reageer met respek.

***a) My ouers kry spesiale behandeling.***

***b) My ouers se stem dra gewig in my lewe.***

***c) My ouers verdien my respek.***

Die manier hoe ek my ouers hanteer, vorm dikwels die manier hoe ek gesag, orde en selfs God se leiding hanteer.

## 2) Hoekom moet ek my ma (ouers) eer?

***Effesiërs 6:2-3 (NLV)*** – [2]"Eer jou vader en jou moeder" is die eerste van die Tien Gebooie waaraan 'n belofte verbind is: [3]"Sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank op die aarde mag lewe."

***a) Geen ouer is perfek nie.***

***b) Ek sal nie lewendig wees sonder hulle nie.***

- God het hulle gekies om jou DNA aanmekaar te sit

***Psalm 139:13 (AFR83)*** – [13]U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder.

***Psalm 139:16 (AFR83)*** – [16]U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.

***Effesiërs 6:2-3 (NLV)*** – [2]"Eer jou vader en jou moeder" is die eerste van die Tien Gebooie waaraan 'n belofte verbind is: [3]"Sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank op die aarde mag lewe."

***c) Enigste gebod met 'n belofte.***

## 3) Hoe eer ek my ma (ouers)?

***a) Gehoorsaam (kind)***

***Efesiërs 6:1 (NLV)*** – [1]Kinders, omdat julle aan die Here verbonde is, moet julle aan julle ouers gehoorsaam wees. Dit is mos die regte ding om te doen!

Jy hoef nie saam te stem nie, net gehoorsaam wees.
Respek (tiener/jong volwasse)

***Levitikus 19:3a (NLV)*** – [3]Elkeen van julle moet respek hê vir julle ma en pa. ...

Luister (volwasse)

***Spreuke 23:22 (NLV)*** – [22]Luister na jou pa wat jou die lewe gegee het. Moenie jou ma afskryf omdat sy oud geword het nie.

***b) Waardeer hulle moeite en opoffering.***

***c) Voorsien vir hulle.***

***1 Timoteus 5:3 (AFR83)*** – [3]Versorg die weduwees wat werklik alleen agtergelaat is.

***1 Timoteus 5:4 (DB)*** – [4]Maar as 'n weduwee kinders of kleinkinders het, moet jy hulle leer dat godsdiens in jou eie huis begin. Om vir jou eie familie te sorg en op dié manier dankie te sê vir wat jou pa en ma of ouma en oupa alles vir jou gedoen het, is godsdiens in aksie. Daarvan hou God baie.

***1 Timoteus 5:8 (AFR 83)*** – [8]As iemand nie vir sy eie mense en veral nie vir sy huisgesin sorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as 'n ongelowige.

***Johannes 19:26-27 (AFR 83)*** – [26]Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun." [27]Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.

## 4) Waarin kan ek my ma vandag eer?

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

**KONTAKPERSONE:**

**Gemeentepredikant:**
MARIUS MALAN – 016 004 0016
marius@kg.org.za

**Gemeentebestuurder:**
RIAAN PELSER – 082 775 7147
riaan@kg.org.za

**PREDIKANTE:**

**TOMMIE ARPIN**
082 342 6245 | tommie@kg.org.za

**JONATHAN MÜLLER**
064 658 6636 | jonathan@kg.org.za

**EDOHAN BURGER**
084 570 0669 | edohan@kg.org.za

**LUCAS NIEMAND**
083 233 4000 | lucas@kg.org.za

Hoek van **Ravel**– en **Abrahamstrate**
**Mantevrede, Vanderbijlpark**
**016 004 0016 / navrae@kg.org.za**

**KONTANTLOSE BYDRAES**

Snap here to pay
SnapScan

**BANKBESONDERHEDE:**
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655